

**Skriflesing:** Matteus 10:16-33Teks: **Mattheus 10:29****Sing- Ps.146:4,8; Ps. 128:4; Ps.31:17,19; Ps.84:2,6****Mattheus 10:16-33**

- Mat 10:16** Kyk, Ek stuur julle soos skape onder die wolwe in; wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe.
- Mat 10:17** Maar pas op vir die mense; want hulle sal jul oorlewer aan regbanke, en in hulle sinagoges sal hulle julle gésel.
- Mat 10:18** En ook voor goewerneys en konings sal julle gebring word om My ontwil tot 'n getuienis vir hulle en vir die heidene.
- Mat 10:19** Maar wanneer hulle jul oorlewer, moenie julle kwel oor hoe of wat julle sal spreek nie, want dit sal julle in daardie uur gegee word wat julle moet spreek;
- Mat 10:20** want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Gees van julle Vader wat in julle spreek.
- Mat 10:21** Maar die een broer sal die ander tot die dood oorlewer en die vader sy kind, en die kinders sal teen hulle ouers opstaan en hulle doodmaak.
- Mat 10:22** En julle sal deur almal gehaat word ter wille van my Naam. Maar wie volhard tot die einde toe, hy sal gered word.
- Mat 10:23** En wanneer hulle julle vervolg in die een stad, vlug na die ander toe. Want voorwaar Ek sê vir julle, julle sal met die stede van Israel sekerlik nie klaar kry voordat die Seun van die mens kom nie.
- Mat 10:24** 'n Leerling is nie bo die meester nie en 'n dienskneg ook nie bo sy heer nie.
- Mat 10:25** Dit is vir die leerling genoeg dat hy soos sy meester word en die dienskneg soos sy heer. As hulle die heer van die huis Beëlsebul genoem het, hoeveel te meer sy huisgenote!
- Mat 10:26** Vrees hulle dan nie; want daar is niks bedek wat nie ontdek sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie.
- Mat 10:27** Wat Ek vir julle in die donker sê, vertel dit in die lig; en wat julle in die oor hoor, verkondig dit op die dakke.
- Mat 10:28** En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liewer wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel.
- Mat 10:29** Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader nie.
- Mat 10:30** En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel.
- Mat 10:31** Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies.
- Mat 10:32** Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.
- Mat 10:33** Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is.

**Skriflesing:** Matteus 10:16-33Teks: **Mattheus 10:29****Sing- Ps.146:4,8; Ps. 128:4; Ps.31:17,19; Ps.84:2,6**

'n Groot deel van ons geloof en 'n 1c-stuk kan aanmekaar gebind word. Broeder en suster, wat bedoel ons daarby? Is ons geloof by wat vandag by hierdie doop gehoor en gesien kon word, maar 1c werd! Alles behalwe, maar dit wat vir baie jare op die 1c afgebeeld is, en dit

wat in ons gelese gedeelte staan- hou verband met mekaar. Ons ouer mense sal weet, ons kinders kan dit ook verstaan, vir baie jare was daar op ons 1c stukke twee mossies afgebeeld.

Ons voorouers het in die 2<sup>de</sup> Anglo-Boereoorlog (Vryheidsoorlog) geweldig swaargekry. Daar kan in daardie bittere tyd en bittere leed, seker min dinge vergelyk met hoe bitter en hoe wreed die konsentrasiekampe nie was nie! Duisende, letterlik duisende kindertjies is in sulke kampe dood, vanweë omstandighede wat eenvoudig net te swaar was om in te bly lewe. En na die oorlog nagenoeg hier aan die einde van 1902 het 'n aantal Vrystaatse vroue wat in die konsentrasiekamp op Bethulie oorleef het na hulle Vrystaatse president, pres. M.T. Steyn gegaan en hulle vra hom om op die kleinste muntstuk wat in omloop is twee mossies daarop te laat druk.

Die twee mossies wou hulle as simbool sien van dankbaarheid dat daar tog die mense (vroue en kindertjies) is wat die konsentrasiekampe oorleef het. Steyn het nie hulle versoek kon nakom nie. Hy is te gou dood, 1904 is hy oorlede....Sy vrou (MT Steyn se vrou) het egter nie hierdie ander vrou se gedagte en versoek vergeet nie, en weliswaar eers 21 jaar later, in 1923 is daar vir die eerste keer op die kleinste geldstukkies toe sulke twee mossies afgedruk. Eers was dit op die destydse oortjie (1/4 pennie), later op die 1/2 sent en toe meer in ons jongeres se tyd kom dit op die 1c-stuk wat ook nou nie meer bestaan nie. Die gedagte en betekenis hiervan moet by hierdie doop vir ons vasstaan.

Ons hoor vanoggend Jesus vir sy dissipels dit sê, maar ook vir CJ en sy ouers- *julle is meer werd as baie mossies...* Eerste gaan dit oor God se betroubaarheid. Tweede oor jou en my versigtigheid. In die laaste plek – ons almal se opregtheid....ook by vandag se doop. Eerste dan-

**God se betroubaarheid:**

Om die Here in oorgawe te dien, om 'n kind in hierdie lewe en in hierdie wêreld groot te maak, is nie maklik nie. In baie opsigte voel ons met ons kinders die blootstelling soos wat die Here aan sy dissipels die blootstelling verduidelik - *Ek stuur julle soos skape tussen die wolwe in...*dit sê dit al klaar- wolwe speel nie met skape as hulle na die skape toe kom nie,

nog minder die omgekeerde- as 'n enkele skaap, of 'n paar skapies tussen 'n trop wolwe moet ingaan, wat sal van die skaap oorbly? Menslik gesproke, baie min. Hulle vreet skape op dat daar van hulle niks oorbly nie.

\*\*\*

In hierdie uiterste gevare, en in van die moeilikste omstandighede waarin God se kinders blootgestel en uitgelewer word, laat God sy betroubaarheid so duidelik blyk- Tot drie keer kom dit daarop neer dat die Here sê- *Moenie bang wees nie...v. 26- Vrees hulle dan nie, want daar is niks bedek wat nie ontdek sal word nie,, en verborge wat nie bekend sal word nie.* Die tweede keer se ...vrees nie...is v. 28- *En moenie vrees vir die wat die liggaam doodmaak, maar die siel nie kan doodmaak nie; maar vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel...*En dan die 3<sup>de</sup> keer se rede om nie bang te wees nie, dit waarmee ons gerusgestel mag word is juis hier waar die mossies ter sprake kom...*Wees dan nie bevrees nie, julle is baie meer werd as die mossies...*

Wanneer die Here so by herhaling sê – Moenie bang wees nie, waarin daar selfs ook gesê word dat die hare op ons kop is getel, dan kan ons nie anders as om God se betroubaarheid voor alles raak te sien nie. By die doop staan God se betroubaarheid voorop. As dit nie só was nie, dan sou God nie sovele dinge gedoen het, om ons te laat beseef hoe belangrik dit is dat ons God moet ken nie. Die eer om in God se Naam gedoop te word, die eer om swaar te kry vir God se saak. Dit moet ons beseef.

Nie dat die diensknegte moedswillig moeilikheid moet gaan soek en willens en wetens in lyding en swaarkry moet instap nie, want Jesus het ook gesê – v.14- *As iemand julle nie ontvang nie, en na julle woorde nie luister nie, gaan uit daardie huis of daardie stad uit en skud die stof van julle voete af...*M.a.w. wie getrou is aan die Here moet dit eintlik amper as vanselfsprekend aanvaar, jy gaan moeilikheid kry, al het jy nie eers direk daarvoor gesoek nie.

Die Here gee tegelyk die waarskuwing maar ook 'n pragtige belofte. Luister ook weer na verse 32-33- *Elkeen dan wat My sal bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor My Vader*

*wat in die hemele is. Maar elkeen wat My verloën voor die mense, hom sal Ek ook verloën voor my Vader wat in die hemele is...Wat sê dit vir ons? Dit is 'n belofte, maar ook 'n waarskuwing. Die belofte van solidariteit en lojaliteit. Wie aan Christus lojaal is, wie die koninkryk van God voor ander mens uitdra en in alle opsigte opstaan vir wat God se eer vir ons moet beteken, so een staan in solidariteit met Christus. Watter voorreg om dan te mag weet, jou naam word deur Christus voor sy Vader gebring en Christus noem jou getrouheid, jou lojaliteit, jou solidariteit in hemelse geweste, maar die teendeel is 'n waarskuwing.*

*As jy Christus verloën, ja dit wat jy op aarde sleg doen, dit sal in die hemel net nog slegter van jou getuig word, want in die hemel sal daar dan niemand, let wel niemand wees, wat vir jou sal intree nie. Dit alles, broeder en suster, moet ons nog steeds God se betroubaarheid laat besef, waar dit ook daarom gaan dat God kom nie met bangmaak tegnieke nie. God werk deur sy Woord in Christus, nie om ons bang te maak nie, maar om ons as sy kinders dit goed te laat besef dat hierdie is 'n Woord wat van die dakke af uitgeroep moet word...*daar is niks bedek wat nie ontdek sal word nie, en verborge wat nie bekend sal word nie. Wat Ek vir julle in die donker sê, vertel dit in die lig; en wat julle in die oor hoor, verkondig dit op die dakke...**

Wanneer ons wat meer werd is as mossies op die volgende deel van die dak moet gaan sit, daar waar mossies tog graag sit, dan gaan dit heelyd om God se betroubaarheid, maar God werk ook-

### **Deur jou en my versigtigheid**

*Wees dan versigtig soos die slange en opreg soos die duiwe...dit was die begin van wat ons ook vandag gelees het. Al is jy soos 'n skaap tussen baie wolwe, wat die laaste deeltjie van jou vel kan afskeur, moet nie die dinge vrees wat jou liggaam kan doodmaak nie, maar vers 28 sê- *vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel...*In dit wat ons lees staan klaar iets van 'n uitbreiding op versigtigheid ...*vrees Hom liever wat die siel sowel as die liggaam kan verderwe in die hel...**

In die Grieks is die woord om versigtig te wees- die woord- **φρόνιμος** –(*fronimos*) wat ook direk verband hou met die woorde wat gaan oor jou vermoë om iets te verstaan. Daar is insig, daar is wysheid. Jesus het aan die einde van sy bergrede alles met hierdie besondere Griekse woord wou saamvat- as ons lees Matt.7:24- *Elkeen dan wat na hierdie woorde luister en dit doen, hom sal Ek vergelyk met 'n verstandige (weer die woord- φρόνιμος ) man wat sy huis op die rots gebou het...Verstandigheid en versigtigheid is woorde wat in 'n gelowige se woordeskat langs mekaar moet staan.*

Wees altyd deur versigtig in wat jy in alle opsigte voor die Here doen, Hy sien alles! Want in dit wat jy en ek in versigtig moet wees, gaan dit vanoggend om ons laaste gedagte-

**Ons almal se opregtheid-**

*Wees opreg soos die duife...* Die duif waarmee God in sy Woord na ons kom is 'n ander voël in God se skepping wat my wat meer werd is as 'n mossie na die duif op 'n besondere manier moet laat kyk. Die duif wat Noag in die ark gehad het, daardie duif het in die sondvloed uit die ark moes uitvlieg want Noag wou hom gebruik om die stand van die water te monitor. Noag kon dit doen, selfs twee maal, en die 2<sup>de</sup> maal het die duif die aand teruggevlieg gekom met 'n vars gebreekte olyfblaar in sy bek. Selfs 'n derde maal is die duif weer 'n week later losgelaat en het nie weer teruggekome nie. Is dit maar net duife-stories hierdie, broeder en suster? Ek glo nie! As die duif die 1<sup>ste</sup> en die 2<sup>de</sup> maal geen rusplek vir sy voete vind nie, dan gryp dit 'n mens aan, dat daar 'n ander keer 'n duif uit die hemel gevlieg gekom het, dadelik het die duif 'n rusplek kon vind, daar waar Jesus gedoop is het Hy op Jesus kom sit. Die Heilige Gees het op Jesus kom rus, op Hom kom sit, sonder om ooit weer van Hom te moes weggaan.

Watter aangrypende gebeurtenis, om dit te moes aanskou sou woorde nie kon beskryf nie, en tog is dit vir ons, gewone sondaars, vir wie die Here vanoggend sê- *Wees opreg soos die duife*, want dit wil ek hiermee saamlees, in Christus is julle baie meer werd as die mossies. Christus wat as duif ons vooruitgaan, het vir ons wat onself nie eers met mossies kan vergelyk nie, vir ons het Jesus by hierdie doop nog 'n groter vergelyking. *Word twee mossies nie vir 'n stuiwer verkoop nie? En nie een van hulle sal op die aarde val sonder julle Vader*

*nie. Daarom die wonderlike slotsom wat Jesus oor ons bring- ook by vandag se doop - Wees dan nie bevrees nie, julle is meer werd as baie mossies.*

Die mossie was die kleinste voëltjie of diertjie volgens die OT offerlyste wat aan die Here geoffer kon word. Dit was werklik die arm man se offer, en was mossies 'n gangbare aanbieding om dit as kos vir arm melaatse mense te gee. Dit was werklik klein lyk, minderwaardig, mense wat deur mossies te eet, versadig moes word, dit laat ons besef, ek verdien nie meer as 'n mossie op my bord nie. Niks uit myself maak my beter as hulle wat so arm, so siek was nie. As dit van my afhang, dan moes ek met minder as 'n mossie tevrede gewees het. As die arme 'n mossie offer, dan sê die OT mos, daardie mens in dit wat hy offer, is maar homself wat hy verteenwoordig. Die mossie verteenwoordig die een wat die offer bring...

Om nou in Christus te mag hoor, julle is baie meer werd, dan is dit Christus wat ons meer werd maak, dit is nie ons wat onself meer waarde kan gee nie. Die doop bevestig hierdie waarde. Ons wat nie eers kan keer dat 'n mossie op die grond kan val nie- God kan dit keer- God doen dit!

In myself is ek maar 'n 1c, in Christus kyk ek verby die een, en ek sien deur sy Gees twee mossies daar sit, en ek mag weet hierdie twee is meer werd as al die geld op die aarde. Dit wat die mens vir God beteken as baie meer as mossies op 'n uitgediende 1c-stuk. Daarom moet jy in alle opregtheid vir God 'n duif wees, *opreg soos 'n duif*- Letterlik beteken die woord wees onopgesmuk, ongemeng, moet nie wil wees wat jy nie is nie. Die woord kom dan ook ter sprake by edelmetale, of daar waar jy met goeie wyn te doen kry. Dit is nie maar mensels nie! Alles waarmee Christus Homself kon vereenselwig, daarmee moet u en ek ons wil vereenselwig. Is dit nie na alles Christus in ons en ons in Christus nie. Hy wat meer moet word en ek minder...

AMEN